

# Vrydag 25 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 26:24-32

Fokusverse: Handeling 26:25, 29

## **Instrument in die hand van die Here – met gesonde verstand**

Ons is steeds by die aanhoor van Paulus se saak rakende die evangelie. Die “belangrikes” van die dag hoor, ook koning Agrippa en sy suster wat self Jode is. Festus, die Romeinse regter, maak ’n opmerking oor wat Paulus nou getuig: “Jy is mal Paulus, kranksinnig, al jou geleerdheid maak jou mal!” (lees vs 24). Hoekom sou Festus so iets sê? Uit sy heidense agtergrond besef hy nie wat aangaan nie. Dit lyk vir hom of Paulus in vervoering gaan, buite sy verstand is

...

lemand wat in vervoering is, sou nie gehoor het wat Festus sê nie, en sou nie kon antwoord nie. Paulus hoor vir Festus en hy antwoord hom hoflik en ordentlik – by sy volle, gesonde verstand (lees vs 25). Dit is die wonder om instrument in die hand van die Here te wees: Hy hou ons by die waarheid en by ons gesonde verstand. Jesus het ons self geleer: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, hele siel en al jou krag, verstand.”

Wanneer die Here ons as instrument gebruik en deur sy Heilige Gees tot beweging bring, neem Hy ons hele lewe ten volle in besit. Dit is die manier hoe die Here sy kerk vestig! Daarmee saam: Ons sal altyd by die waarheid bly en by ons verstand. Die Here vorm ons denke, Hy laat ons verstaan. As dit kranksinnigheid was, soos Festus beweer, sou dit iets selfsugtig wees. Niks het gou-gou en êrens in ’n hoek gebeur nie (vs 26, 28). Maar Paulus bid dan juis, vir Agrippa en vir almal (lees vs 29). Paulus se gebed is dat elkeen sal glo en dat hulle nie in boeie hoef te wees soos hy nie. Niks selfsugtig nie – net gesonde verstand!

Hoor ons die wêreld wat sê: “Jy is kranksinnig, buite jou verstand”; OF laat ons ons deur die Gees van God en sy Woord beheers? Want so is ons instrumente in sy hand, by ons gesonde verstand.

*Sing: Psalm 25-1:2, 4*

*Ds. MH le Roux (Marco) (Reitz/Lindley)*